Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

11 Februarie 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 4 VAN 2019

I.S. ATLETIEK, VEILIGHEID, KASKAR ENS.

Verlede Woensdag was die Interskole Atletiek by Ruimsig gehou. Ons het pragtig presteer en 62 medaljes verower. Dankie aan al ons atlete wat deelgeneem en hulle beste gelewer het. Ons is trots op julle. Baie geluk aan elkeen wat gekwalifiseer het vir die Roodepoort Kampioenskappe. Dit vind Donderdag, 14 Februarie 2019 by Ruimsig plaas. Sterkte!! Graag bedank ons ook ons personeel en ouers vir elkeen se insette, moeite en ondersteuning gedurende hierdie seisoen.

Vir ons as skool is die veiligheid van ons leerders en personeel altyd 'n prioriteit. Dit is dus met skok dat ons waarneem daar is kinders wat weer die terrein verlaat nadat hulle ingekom het. (Gaan na die winkels of maats.) Hierdie gedrag is totaal verbode en teen die skoolreëls. Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om met hulle kinders hieroor te praat. Daar gaan streng opgetree word teenoor almal wat hieraan skuldig is. Personeel gaan ook voortaan vroeër (7uur) met terreindiens begin vir verbeterde kontrole.

Soos almal reeds weet vind ons jaarlikse kaskardag (Wille-Weste-Visserfees) op Vrydag, 1 Maart plaas. Dit gaan sommer baie lekker wees. Baie dankie aan al ons ouers vir julle ondersteuning met hierdie projek. Ons het groot waardering vir al die skenkings wat ons reeds ontvang het en nog gaan ontvang. Op Vrydag, 22 Februarie gaan ons lekker geesvang met 'n pantoffeldag, ter voorbereiding van die groot dag. (Meer inligting later). Alle leerders is welkom om in hierdie pret te deel.

Op Donderdag, 14 Februarie vier ons almal Valentynsdag. Alle leerders is welkom om gewone klere met 'n ietsie rooi, wit of pienk aan te trek. Ondersteun gerus ook ons leiers met hulle verkope en "bargainpakkies"

Haviegroete.

L C VISSER
HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.